Response from Minister Maynier to Die Burger Newspaper, Willemien Brümmer Journalist.

Leerders met spesiale behoeftes moet ondersteun word om skool loopbane te voltooi.
David Maynier, Wes-Kaapse Minister van Onderwys
Nicolette Ripepi se storie oor haar stryd om skooltoegang vir haar seun Tyler te kry, maak dit duidelik dat daar ’n groot behoefte aan groter ondersteuning vir leerders met spesiale behoeftes is.
Die Wes-Kaapse Onderwys Departement is bewus van hierdie beheofte en ons het stappe onderneem om te verseker dat leerders met spesiale behoeftes toegang tot hoofstroom onderrig het. Ons het ook spesiale skole beskerm in die vermindering in die mandjie van onderwysposte.
Ons het oor die volgende drie jaar ‘n addisionele R71.4 miljoen (2024/25), R74.9 miljoen (2025/26) en R78.3 miljoen (2026/27) toegewys om ondersteuning vir leerders met Outisme Spektrum Versteuring te verbeter. Ons het ook bykomstige befondsing vir leerders met Ernstige Verstandelike Gestremdhede van R70.4 miljoen (2024/25), R73.8 miljoen (2025/26) en R77.1 miljoen (2026/27) toegewys om hierdie weerlose leerders oor die volgende drie jaar te ondersteun.
Ons het hierdie jaar twee nuwe skole vir spesiale behoeftes gebou en ons voeg nog baie addisionele klaskamers in spesiale skole by om meer leerders te huisves.
Ons gaan ook 30 bykomende klaskamers vir leerders met spesiale behoeftes by spesiale en bestaande skole bou, as deel van die Rapid School Build program.
Ongelukkig voorsien die nasional regering nie befondsing aan provinsiale regerings vir leerders met spesiale behoeftes nie.
Die formule wat die provinsiale billike aandeel bepaal, sluit die aantal leerders in openbare gewone skole in, maar dit sluit ongelukkig nie leerders in spesiale skole in nie.
Dit is baie problematies aangesien leerders met spesiale onderrig behoeftes oor die algemeen groter ondersteuning in terme van personeel en hulpbronne verlang. Dit is dus ’n groot verlies dat hulle nie in die toewys van befondsing aan provinsies ingesluit is nie.
Dit is belangrik dat ons die werk wat deur organisasies soos Autism Connect gedoen word, erken. Hulle het ’n behoefte in hul gemeenskap vir ondersteuning aan leerders met spesiale behoeftes gesien en hulle het ingetree.
Ons moet alles doen wat ons kan om te verseker dat ons genoeg ondersteuning aan ons mees weerlose leerders in die Wes-Kaap kan voorsien. Ons sal voortgaan om die nasionale regering vir befondsing te vra vir ons leerders met spesiale behoeftes.
Dit is uiters belangrik dat ons verseker dat alle leerders in ons provinsie ondersteun word om kwaliteit onderrig te ontvang.